

REDAKSIONEEL

1. Die Fakulteit is in die bevoorregte posisie dat baie van sy oud-studente en oud-dosente belangrike posisies aan ander teologiese fakulteite en inrigtings beklee. Alhoewel die dosente van hierdie Fakulteit hoofsaaklik vir die inhoud van Skrif en Kerk verantwoordelik is, gaan ons tog ook van tyd tot tyd aan ons oud-studente, oud-dosente en kollegas aan ander fakulteite die geleentheid bied om deel te neem aan hierdie akademiese en kerklike gesprek. Prof. J.J. de Klerk, voormalige hoof van die Departement Praktiese Teologie aan ons Fakulteit, en tans Dekaan van die nuwe Fakulteit te U.O.V.S. lewer dan ook in hierdie uitgawe van Skrif en Kerk 'n bydrae.

2. Personalialia: Prof. C.W.H. Boshoff, dekaan van die Fakulteit vir die afgelope drie jaar, se termyn verstryk in Oktober 1981. Prof. J.A. Heyns is in sy plek as nuwe dekaan aangewys. Ons spreek dank teenoor die uittredende dekaan uit en wens die nuwe dekaan sterkte toe. Prof. Heyns verdien ook 'n woord van gelukwensing met die toekenning van die Andrew Murray-prys.

W.S.P.